SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 17:16-34

*Fokusgedeelte: NGB, Art 1*

## God is onsienlik

Die uitbeelding van gode was in die leefwêreld van Paulus vanselfsprekend. Dit beleef hy ook in Atene. In dié stad vind Paulus afgodsbeelde op elke straathoek. Petronius skrywe: "In Atene sal jy eerder 'n god as 'n mens ontmoet."

Al hierdie beelde verraai 'n diep tragedie: die geestelike blindheid en eensaamheid van die natuurlike mens. Die mens, geskape om in verhouding met God te lewe, het God deur sonde verloor. Nou soek die mens na God. Paulus sê (vers 27): "God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind." Afgodsbeelde is die resultaat van hierdie soeke na God en ten diepste blinde pogings om God naby aan die mens te bring.

So is dit vandag nog. Die wêreld beweer God/gode is oorbodig. Die teendeel is waar. Meer as ooit verlang mense na die versorging, liefde, vrede, veiligheid en harmonie wat net God kan bring. Gedrukte, elektroniese en neonbeelde adverteer hierdie ideale en mense jaag dit met hulle hele lewe na. Hulle wil God in "dinge" naby aan hulle probeer bring, maar skep net dooie afgode.

Waarheen gaan ons met ons verlange na die onsigbare God? Sal Hy Hom ooit laat vind? Ja, want Hy verlang ook na die mens! Na die sondeval is dit Hý wat roep (Gen 3:9): "Waar is jý, Adam?" Dit doen Hy vandag nog. Die onsigbare God soek jou op in sy Seun wat sy beeld is (Kol 1:15). Die Seun oorbrug die kloof van sonde. Deur sy Gees kom Hy in jou woon. Só het die onsienlike God naby aan jou gekom. Só verlos Hy jou van eensaamheid, blindheid en verslaafdheid.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~